## 5 Oktober 2023 - Lesing 145 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

**‘n Ernstig verlange na waarheid waarborg haar ook**

**NO: 7629** Begryp dit tog, dat slegs die **ernstige wil om die waarheid te weet** aanwesig moet wees om haar ook te kan ontvang. Selde word hierdie ernstige wil egter aangetref, ofskoon elke mens beweer om te strewe na die waarheid. En tog is dit maar net ‘n gesegde wat by mense gebruiklik is, sonder dat hulle daaroor nadink, **want die verlange na die waarheid moet diep in die hart ontwaak** en sal die mens nie meer loslaat nie.

Hy moet niks meer vrees as om in dwaling te raak nie, hy moet daarom homself in sy hart tot My wend en tot My bid om hom die waarheid te laat toekom - en dit sal hom dan ook gegee word.

Het die mens egter ‘n bepaalde kennis ontvang en hou hy aan hierdie kennis vas **sonder om dit ernstig te ondersoek vir haar waarheidswaarde**, dan is dit ook moeilik om hom van die waarheid te oortuig as sy nie met **sy kennis** ooreenstem nie. Want dan verweer hy homself daarteen, as hy nie bereid is om sy eie mening op te gee en dit vir die suiwere waarheid te verruil nie.

Dan ontbreek daar by hom die innerlike verlange na die waarheid en **hy sal dan ook nie in staat wees om dit te ondersoek nie**, omdat hy hom **nie met My** in verbinding stel nie, omdat hy My nie bid om verligting van gees - om dan korrek te kan oordeel nie.

Daarom is dit ook nie altyd moontlik om die suiwere waarheid na die aarde te bring nie, daarom word soveel denkbeelde as waarheid beskou wat geen aanspraak daarop kan maak nie. En tog word sy as waarheid verdedig, in die besonder **dan as die oorsprong vanuit die geestelike ryk kom**, as die mense vas glo en seker is dat hulle die waarheid ontvang het. Omdat die ernstige verlange van die ontvanger die voorwaarde is vir die oorbring van die waarheid, is dit nie alleen genoeg om die waarheid te waarborg wat na die aarde gebring word nie.

Steeds sal daar ‘n ernstige ondersoek nodig wees en dit moet met My, met My ondersteuning onderneem word.

Want ook in die geestelike ryk is daar **wesens wat nog tot die duisternis behoort,** of ook, wat dan self nog onvolmaak is en **vashou aan hul verkeerde kennis** wat hulle van die aarde saamgeneem het na die ryk hierna dit ook **netso ywerig uitdra**, soos wat hulle dit op aarde gedoen het. Want wat die mens liefhet, daarvan is hy ook nie in staat om hom in die hiernamaals van los te maak nie.

En dit is ook van belang vir sy ontwikkelingsgang, want dit kan ewighede duur tot so ‘n siel haarself vrygemaak het, totdat sy eindelik begin om die waarheid aan te neem.

Sy kan egter ook tot nadeel van die mense hier op aarde werksaam wees **vanuit die ryk hierna**, as sy gewillige mense vind aan wie sy deur gedagte-oordraging foutiewe kennis kan oorbring, of ook deur haarself te uiter teenoor mense **wat met ‘n spiritistiese aanleg bewustelik ‘n verbinding tot stand bring met die geesteryk.**

So 'n verbinding kan en sal dan slegs tot seën wees as ‘n **ernstige verlange na die waarheid die mens beheers** en hy steeds vir die ondersteuning deur My Gees bid. Dan bestaan daar geen gevaar nie, dan bou die mens vir homself ‘n sterk muur waar wesens sonder insig nie oorheen kan kom nie. **Dan het alleen die ligwêreld toegang tot hom** en die sal hom waarlik slegs die waarheid uit My oorbring, omdat hy in My opdrag werksaam is en omdat dit My Wil is dat julle onderrig word in die suiwere waarheid.

En hierdie selfondersoek moet elkeen by homself uitvoer, hoe ver hy staan in die verlange na die waarheid. Hy moet vrees hê vir die dwaling en My steeds om beskerming daarteen vra en sy bede sal verhoor word. Want Ekself wil dat julle in die waarheid staan. Ekself wil dat julle haar ontvang, dus sal Ek julle ook die moontlikheid daartoe verskaf, - maar altyd met die voorwaarde **dat julle self die waarheid wil ken**, die wil is vir julle ‘n sekere beskerming teen verkeerde denkbeelde, teen onware denke en valse uitleg van dit wat julle aangebied word.

**Dan sal die mens wat die waarheid begeer ook die korrekte oordeelsvermoë hê**, omdat Ek hom dit saam met die waarheid laat toekom en hy om die rede in staat is om alle geestelike kennis te beproef volgens waarde.

Ek Self is die Waarheid. Ek Self wil met My skepsels in verbinding tree, dus wil Ek ook dat My skepsels hulleself in die waarheid bevind. Ek sal hulle ook beskerm teen die invloed van die geestelike wesens wat dwaling probeer versprei en **hulleself kamoefleer as ligwesens,** sodat julle mense bedrieg word en ten prooi val aan dwaling.

**‘n Noue verbinding met My** verseker julle ook ‘n korrekte denke en ware onderrig, dit waarborg julle dat die waarheid gebring word deur My Gees. Want die geesvonk in julle is ‘n deel van My en onderrig julle waarlik korrek. Julle almal moet dus daarna strewe dat julle **deur julle gees self onderrig word**, sodat julle julleself nie hoef te hou aan die deurgegewe kennis uit die geestelike wêreld wat julle nie kan kontroleer nie, omdat julle die geestestoestand nie ken van hulle wat sulke oordragte ontvang het op spiritistiese wyse nie.

Want daar bestaan altyd die groot gevaar dat daar wesens tussenbeide sal kom wat self nog die insig kort.

Waar die Gees egter aan die werk is, daar weet julle dat Ek Self tot julle spreek en dat Ek julle waarlik slegs die suiwere waarheid verskaf. Want Ek wil dat My skepsels op aarde in die waarheid wandel, **omdat hulle slegs deur die waarheid tot My en dus ook tot saligheid kan kom.** Amein.